



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

- [ ]      Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- \_\_\_\_\_      Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WETSONTWERP

Om die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 te wysig; om die woorde “Law” in die Engelse teks, “Wetgewer”, “rekenpligtige beampte” en “verantwoordelike Lid” oral waar hulle voorkom deur die woorde “Act” in die Engelse teks, “Provinsiale Parlement”, “rekenpligtige gesag” en “Minister” te vervang en om sekere veranderings aan die teks wat uit die vervanging voortvloei, aan te bring; om nuwe omskrywings van “hoofbefondser”, “hoof uitvoerende beampte”, “komitee”, “Minister”, “Minister verantwoordelik vir Finansies”, “Provinsiale Parlement” “rekenpligtige gesag”, “uitvoerende Burgemeester”, en “vestig” in te voeg; om die omskrywings van “grondwet”, “rekenpligtige beampte”, “verantwoordelike Lid”, “Wes-Kaap” en “Wetgewer” te skrap; om voorsiening te maak vir die wysiging van die aanhef; om voorsiening te maak vir die prosedure waarvolgens direkteure benoem word; om voorsiening te maak vir die wysiging van die bevoegdhede en pligte van direkteure; om voorsiening te maak vir die befondsing van die Agentskap; om voorsiening te maak vir die herroeping van die grondwet van die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsagentskap; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**D**AAR WORD VERORDEN deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

## Wysiging van aanhef van Wet 3 van 1996

1. Die aanhef van die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (die Hoofwet), word gewysig deur die aanhef deur die volgende aanhef te vervang:

“**Nademaal** die regering van die provinsie Wes-Kaap verantwoordelik is vir die bevordering van handel en investering in die provinsie en nademaal die regering glo dat die bevordering van hierdie doelstellings ten beste bereik kan word in **[samerwerking met ander insethouers in die ekonomie is,]** vennootskap met die privaat sektor en plaaslike regering, en nademaal die regering begerig is om by wyse van provinsiale wet [**’n onafhanklike Agentskap, bestuur deur die groter ekonomiese insethouers in die provinsie,**] ’n provinsiale openbare entiteit in te stel om omgewingsvriendelike en maatskaplik verantwoordelike investering in en handel **[met]** binne die provinsiale ekonomie te bevorder, derhalwe:”.

## Wysiging van artikel 1 van Wet 3 van 1996

### 2. Artikel 1 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “grondwet” te skrap;
- (b) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “hierdie Wet” in te voeg:
- 5 “**‘hoofbefondser’** enige befondser wat 10% of meer bydra van die bedrag vir ’n spesifieke boekjaar begroot, wat deur die Provinsiale Parlement bewillig moet word soos in artikel 12(1)(b) en (c) beoog;”;
- 10 “**‘hoof uitvoerende beampte’** die hoof uitvoerende beampte ingevolge artikel 10 aangestel;”;
- en
- “**‘komitee’** ’n komitee van die Raad ingevolge artikel 8 aangestel;”;
- (c) deur die omskrywing van “lid” deur die volgende omskrywing te vervang:
- 15 “**‘lid’** ’n onderneming, insluitende, maar nie beperk nie tot, handelaars, professionele persone, maatskappye, sake-ondernemings, trusts of beslote korporasies wat in die Provinsie gevestig is, van ’n voortgaande aard is, bedryf word met die doel om ’n profyt te maak en kan bydra tot die bevordering van investering en handel in die Provinsie, maar sluit dit nie enige regeringsonderneming in nie;”;
- (d) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “lid” in te voeg:
- 20 “**‘Minister’** die provinsiale Minister van die Wes-Kaap verantwoordelik vir Ekonomiese Ontwikkeling;”;
- “**‘Minister verantwoordelik vir Finansies’** die provinsiale Minister van die Wes-Kaap verantwoordelik vir Finansies;”;
- 25 en
- “**‘Provinsiale Parlement’** die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement waarvoor voorsiening gemaak word in artikel 9 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998);”;
- (e) deur die omskrywing van “Provinsie” te wysig, soos volg:
- 30 “**‘Provinsie’** die provinsie Wes-Kaap [**en sluit in die Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap**];”;
- (f) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “rekenpligtige beampte” in te voeg:
- “**‘rekenpligtige gesag’** die Raad aangestel ingevolge artikel 3;”;
- (g) deur die omskrywing van “rekenpligtige beampte” te skrap;
- (h) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van “verantwoordelike Lid” in te voeg:
- 35 “**‘uitvoerende Burgemeester’** die uitvoerende Burgemeester van die Stad Kaapstad, soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), enige regsopvolger, of enige behoorlik aangestelde benoemde;”;
- (i) deur die omskrywing van “verantwoordelike Lid” te skrap;
- (j) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van “Wes-Kaap” in te voeg:
- 40 “**‘vestig’**, met betrekking tot ’n lid, om ’n hoofkantoor of gevestigde tak binne die Provinsie te hê;”;
- 45 (k) deur die omskrywings van “Wes-Kaap” en “Wetgewer” te skrap.

**Vervanging van die woorde “Law” in die Engelse teks, “Wetgewer”, “rekenpligtige beampte”, en “verantwoordelike Lid” in Wet 3 van 1996 deur die woorde “Act” in die Engelse teks, “Provinsiale Parlement”, “rekenpligtige gesag” en “Minister”**

- 50 3. Die Hoofwet word gewysig deur die woorde “Law” in die Engelse teks, “Wetgewer”, “rekenpligtige beampte” en “verantwoordelike Lid” oral waar hulle voorkom deur die woorde “Act” in die Engelse teks, “Provinsiale Parlement”, “rekenpligtige gesag” en “Minister” te vervang.

#### Wysiging van artikel 2 van Wet 3 van 1996

4. Artikel 2 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

5 “(1) Die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, word **[hierby]** ingestel as ’n provinsiale openbare entiteit wat bestuur word deur ’n Raad wat aan die Provinsiale Regering verslag moet doen.”; en

(b) deur subartikels (4) en (5) te skrap.

#### Vervanging van artikel 3 van Wet 3 van 1996

10 5. Artikel 3 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

##### **“Aanstelling en samestelling van Raad van Direkteure**

15 3. (1) Die Minister, in oorleg met die uitvoerende Burgemeester en na oorleg met hoofbonders, moet, behoudens subartikel (5), die direkteure van die Raad aanstel.

(2) Die Raad bestaan uit hoogstens 15 direkteure, naamlik—

(a) een senior beampte wat ex officio deur die Minister benoem word;

(b) een senior beampte wat ex officio deur die uitvoerende Burgemeester benoem word;

20 (c) behoudens subartikel (3), hoogstens tien direkteure wat deur die Minister aangestel word;

(d) behoudens subartikel (4), hoogstens twee direkteure wat uit die geledere van die lede benoem word; en

25 (e) die hoof uitvoerende beampte wat ex officio as direkteur aangestel word ingevolge artikel 10.

(3) Direkteure van die Raad in subartikel (2)(c) beoog, mag slegs aangestel word nadat die Minister by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in daardie ander media wat die Minister geskik ag, alle belanghebbende partye genooi het om die name van persone wat na die mening van daardie belanghebbende partye in die Raad van Direkteure moet dien, binne die voorgeskrewe tydperk in die kennisgewing genoem, ingedien het, met vermelding van die redes waarop hul mening berus.

30 (4) Direkteure van die Raad in subartikel (2)(d) beoog, mag slegs deur die Minister aangestel word nadat ’n interne verkiesingsproses gevolg is wat voldoen aan voorskrifte, van tyd tot tyd deur die Raad uitgereik.

(5) Enige direkteur, insluitende ’n ex officio-direkteur, moet—

(a) oor kennis van handel en investering beskik;

(b) oor ondervinding in die bevordering van handel en investering beskik;

40 (c) kan bydra tot die geïntegreerde en gekoördineerde bemarking van die Provinsie se sakebeeld;

(d) permanent woonagtig in die Provinsie wees; en

(e) ’n geskikte en gepaste persoon wees.

45 (6) Die Minister moet die noodsaaklikheid daarvan dat die Raad die demografiese samestelling van die Provinsie naastenby weerspieël, behoortlik in ag neem.”.

#### Invoeging van artikels 3A en 3B in Wet 3 van 1996

6. Die volgende artikels word na artikel 3 van die Hoofwet ingevoeg:

##### **“Ampstermyn van direkteure van Raad en vulling van vakatures**

50 3A. (1) Direkteure van die Raad in artikel 3(2)(a), (b) en (c) beoog, word aangestel vir ’n tydperk wat ten tyde van hul aanstelling bepaal word, maar hoogstens twee jaar.

55 (2) Direkteure van die Raad in artikel 3(2)(d) beoog, word vir ’n tydperk van twee jaar aangestel.

(3) Indien die amp van 'n direkteur van die Raad om enige rede vakant word, kan die Minister 'n persoon uit die kategorieë in artikel 3(2) aangedui, waaruit daardie direkteur oorspronklik as direkteur van die Raad aangestel of benoem is, aanstel vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn ooreenkomstig artikel 3.

(4) 'n Direkteur van die Raad kan heraangestel word maar mag nie langer as drie opeenvolgende termyne dien nie: Met dien verstande dat die onverstreke gedeelte in subartikel (3) gemeld, nie in ag geneem mag word nie.

#### 10 **“Beëindiging van amp van direkteur van Raad**

**3B.** (1) Die amp van 'n direkteur van die Raad word vakant indien die direkteur—

- (a) insolvent of geestelik versteur verklaar word deur 'n bevoegde hof;
- (b) ingevolge subartikel (2) uit sy of haar amp ontslaan word;
- 15 (c) skuldig bevind word aan 'n misdryf en strafbaar is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, maar 'n straf word nie geag aan iemand opgelê te gewees het alvorens 'n appèl teen die skuldigbevinding of strafoplegging beslis is nie;
- 20 (d) afwesig was van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad sonder die voorafverkreë toestemming van die voorsitter;
- (e) sy of haar bedanking deur middel van die hoof uitvoerende beampte van die Raad by die Minister ingedien het;
- (f) 'n lid word van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, die raad van 'n munisipaliteit, of die nasionale kabinet of 'n provinsiale kabinet of
- 25 (g) behalwe in die geval van ex officio-lede beoog in artikel 3(2)(a) en (b), 'n werknemer van enige provinsiale regering, die regering van die Provinsie, die nasionale regering van die Republiek van Suid-Afrika of 'n munisipaliteit.

30 (2) Die Minister kan 'n direkteur van die Raad uit sy amp ontslaan op grond van wangedrag, onvermoë of onbevoegdheid, met behoorlike inagneming van die Wet oor die bevordering van administratiewe beregting van 2000 (Wet 3 van 2000).”.

#### **Vervanging van artikel 4 van Wet 3 van 1996**

35 7. Artikel 4 van die Hoofwet word gewysig, soos volg:

##### **“Doelstellings van Agentskap**

**4.** Die Agentskap se doelstellings is—

- 40 (a) om investering in en handel binne die Provinsie [met die Wes-Kaap] te bevorder [en om investerings- en handelsgedeeltes in die Wes-Kaap te identifiseer, te analiseer, bekend te stel en te bemark, op sodanige wyse en deur sodanige middele as wat die Raad van tyd tot tyd paslik ag,] en
- 45 (b) om op versoek van die [verantwoordelike Lid] Minister [of ander insethouers of agentskappe] werksaamhede te onderneem [waarvoor die nodige hulpbronne ingesamel kan word en] wat [na die mening van die Raad,] sal bydra tot die versterking van die [Wes-Kaapse] Provinsie se ekonomie [en/of gelyke deelname in die ekonomie deur sektore van die gemeenskap en/of streke van die Wes-Kaap sal bevorder].”.

#### 50 **Wysiging van artikel 5 van Wet 3 van 1996**

**8.** Artikel 5 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur paragraaf (i) te skrap;
- (b) deur paragraaf (k) te skrap; en

(c) deur paragraaf (m) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(m) [om sy fondse of gelde aan te wend vir die instelling van ’n reserwefonds, of] om enige fondse of gelde wat nie dadelik benodig word vir sy sake nie te investeer [by dié instellings en op dié manier wat die Raad bepaal], en”.

#### Vervanging van artikel 6 van Wet 3 van 1996

9. Artikel 6 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

##### “Lidmaatskap

10                   6. (1) Die Agentskap kan lede hê.  
                       (2) Die Raad moet ’n register byhou wat die besonderhede van lede bevat.  
                       (3) Die Raad kan van tyd tot tyd sy goedkeuring heg aan die heffing van ledegeld wat betaalbaar is op die tyd, en vasgestel is op die bedrag, waarop  
 15                   die Raad besluit.  
                       (4) Die Raad moet ’n vergadering van al die lede minstens een keer elke boekjaar byeenroep.”

#### Vervanging van artikel 7 van Wet 3 van 1996

10. Artikel 7 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

##### “Vergaderings en besluite van Raad

20                   7. (1) Die Raad moet vergader op die tye en op die plekke wat die voorsitter bepaal, maar die Raad moet minstens een keer al om die twee  
                       maande vergader.  
 25                   (2) Die voorsitter moet binne sewe dae vanaf ontvangs van ’n skriftelike versoek, onderteken deur minstens drie direkteure van die Raad, ’n spesiale algemene vergadering van die Raad byeenroep.  
                       (3) Die kennisgewing waarby ’n spesiale algemene vergadering van die Raad byeengeroep word, moet die sake vir daardie vergadering stel, en  
 30                   geen ander sake mag op die spesiale algemene vergadering behandel word nie.  
                       (4) Die kworum vir ’n vergadering van die Raad is die meerderheid van al sy direkteure wat stemgeregtig is.  
                       (5) Die Raad moet na oorleg met die Minister ’n voorsitter en ’n ondervoorsitter vir die Raad uit die geledere van die Raad aanstel.  
 35                   (6) Die ondervoorsitter moet as voorsitter van die Raad optree wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, en wanneer die voorsitter sowel as die ondervoorsitter afwesig is of nie in staat is om as voorsitter op te tree nie, moet die direkteure wat op daardie  
 40                   vergadering aanwesig is, ’n persoon uit hul geledere met ’n meerderheidstem kies om op daardie vergadering as voorsitter op te tree.  
                       (7) Ex officio-lede wat ingevolge artikel 3(5)(a), (b) en (e) aangestel is, is nie stemgeregtig nie, maar is geregtig om deel te neem aan die bespreking van al die sake voor die Raad.  
 45                   (8) Die besluit van ’n meerderheid van die stemgeregtigde direkteure wat op ’n vergadering van die Raad aanwesig is, is ’n besluit van die Raad, en in die geval van ’n staking van stemme oor enige saak, het die persoon wat op die vergadering voorsit, ’n beslissende stem benewens sy of haar gewone stem.  
 50                   (9) ’n Besluit wat deur die Raad geneem is op ’n tyd toe daar ’n vakature in die Raad was, toe enige persoon wat nie geregtig was om as lid van die Raad sitting te hê nie, as lid gesit het, is nie ongeldig nie indien—  
                       (a) die besluit deur ’n meerderheid van al die lede van die Raad geneem is; en  
 55                   (b) die lede wat daardie meerderheid uitgemaak het, geregtig was om as lede te sit.

5 (10) Wanneer die Raad in sitting is, mag 'n direkteur nie deelneem aan die bespreking van, of in die neem van 'n besluit oor, enige saak waarin daardie direkteur, of daardie direkteur se gade, vennoot, naasbestaande of werkgewer enige persoonlike en regstreekse of onregstreekse finansiële belang het nie: Met dien verstande dat die Raad kan verlang dat enige direkteur wat daardie belang verklaar het, homself of haarself aan die verrigtinge rakende die saak moet onttrek.

10 (11) Enige direkteur van die Raad wat die bepalings van subartikel (10) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

(12) Die notules van Raadsvergaderings moet geteken word deur die persoon wat op die volgende vergadering van die Raad voorsit.”.

### Wysiging van artikel 8 van Wet 3 van 1996

15 **11.** Artikel 8 van die Hoofwet word gewysig deur subartikels (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang, en subartikel (4) toe te voeg:

“(2) (a) Die Raad kan komitees instel om die Raad te help met die uitoefening van sy bevoegdhede, die vervulling van sy funksies en die uitvoering van sy pligte.

20 (b) Ongeag die bepalings van paragraaf (a) word komitees wat gedien het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2004, geag behoorlik ingestelde komitees te wees tot die eerste nege maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet.

25 (3) (a) Behoudens paragraawe (b) en (c) kan die Raad 'n komitee instel vir die hantering van—

- (i) menslikehulpbronbestuur;
- (ii) begroting- en finansie-aangeleenthede;
- (iii) handelsbevordering; of
- (iv) investeringsbevordering;

30 met dien verstande dat die lede van daardie komitees oor kundigheid op die tersaaklike gebied moet beskik;

(b) 'n Komitee beoog in paragraaf (a)(i) of (ii) moet nie uit meer as drie lede bestaan nie, wat almal direkteure moet wees.

35 (c) 'n Komitee beoog in paragraaf (a)(iii) of (iv) moet nie uit meer as tien lede bestaan nie, van wie een 'n direkteur moet wees en die ander lede soos in artikel 6 beoog.

(4) Elke komitee beoog in subartikel (3)(c) moet een lid van elke ander komitee as lid hê.”.

### Wysiging van artikel 9 van Wet 3 van 1996

40 **12.** Subartikel (2) van artikel 9 van die hoofordonnansie word gewysig deur die uitdrukking “(behalwe die Provinsie)” oral waar dit in daardie subartikel voorkom te skrap.

### Vervanging van artikel 10 van Wet 3 van 1996

**13.** Artikel 10 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

#### 45 “**Hoof uitvoerende beampte**

50 **10.** (1) Die Raad moet in oorleg met die Minister en nadat 'n openbare adverteringsproses gevolg is, 'n geskikte en gepaste persoon met kennis van en ondervinding in investerings- en handelsbevordering aanstel as die hoof uitvoerende beampte van die Raad.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet ingevolge 'n vastetermyn-, prestasiegebonde kontrak aangestel word vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, en kan een keer heraan gestel word na verstryking van daardie tydperk.

(3) Indien die hoof uitvoerende beampte afwesig is of om enige rede nie in staat is om sy of haar funksies te vervul nie, of wanneer ook al daar 'n vakature in die amp van die hoof uitvoerende beampte is, moet die Raad 'n ander persoon aanstel om as hoof uitvoerende beampte op te tree tydens daardie afwesigheid of onvermoë of totdat 'n nuwe hoof uitvoerende beampte ingevolge subartikel (1) aangestel is.

(4) 'n Waarnemende hoof uitvoerende beampte moet vir die duur van sy of haar aanstelling die funksies van die hoof uitvoerende beampte vervul.”.

#### 10 Vervanging van artikel 11 van Wet 3 van 1996

14. Artikel 11 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

##### **“Bevoegdhede en funksies van hoof uitvoerende beampte**

11. Benewens die bevoegdhede, funksies en pligte wat deur die be-palings van hierdie Wet of deur die Raad aan die hoof uitvoerende beampte opgedra of gedelegeer word, moet die hoof uitvoerende beampte—

- (a) toesien dat die Agentskap sy funksies ingevolge hierdie Wet vervul;
- (b) aan die hoof staan van die ander werknemers van die Raad;
- (c) verantwoording doen aan die Raad;
- (d) toesien dat behoorlike notules gehou word op alle vergaderings van die Raad en lede;
- (e) vergaderings van die Raad bywoon;
- (f) binne 14 dae vanaf 'n Raadsvergadering 'n kopie van die notule daarvan aan die Minister en enige ander beamptes deur die Provinsie benoem, voorlê; en
- (g) toesien dat die Agentskap voldoen aan en presteer ingevolge alle kontraktuele ooreenkomste, en investerings- en handelsbemarkings-beleide implementeer.”.

#### 30 Vervanging van artikel 12 van Wet 3 van 1996

15. Artikel 12 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

##### **“Befondsing en finansiële kontrole**

12. (1) Die fondse van die Agentskap bestaan uit—

- (a) geld deur die Provinsiale Parlement vir daardie doel bewillig;
- (b) geld wat deur die raad van 'n munisipaliteit vir daardie doel bewillig kan word;
- (c) geld deur enige persoon of instelling aan die Agentskap geskenk;
- (d) ledegeld ingevolge artikel 6(3) deur die Raad voorgeskryf; en
- (e) inkomste verkry uit dienste deur die Agentskap gelewer vir sover dié dienste die doelstellings van die Agentskap, soos in artikel 4 getoon, bevorder.

(2) Aanvaarding deur die Agentskap van geld beoog in subartikel (1)(b) of (c) is onderworpe aan enige toepaslike bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), en enige regulasies of voorskrifte ingevolge daardie Wet uitgereik.

(3) Die Agentskap se finansiële kontrole, verantwoordingspligtigheid en verantwoordelikheid en sy verslagdoeningspligte word gereguleer deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en enige regulasies of voorskrifte ingevolge daardie Wet uitgereik.

(4) Die jaarlikse finansiële state van die Agentskap moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.”.

#### Herroeping van artikel 13 van Wet 3 van 1996

16. Artikel 13 van die Hoofwet word herroep.



**Herroeping van artikel 14 van Wet 3 van 1996**

17. Artikel 14 van die Hoofwet word herroep.

**Vervanging van artikel 15 van Wet 3 van 1996**

18. Artikel 15 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

5           **“Interne audit**

10                           15. Die Agentskap moet ’n stelsel van interne audit verseker en in stand hou onder die beheer en leiding van ’n ouditkomitee wat voldoen aan en funksioneer ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en enige regulasies of voorskrifte ingevolge daardie Wet uitgereik.”.

**Vervanging van artikel 16 van Wet 3 van 1996**

19. Artikel 16 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**“Delegasie van bevoegdhede, funksies en pligte**

15                           **16. (1)** Die Raad kan enige bevoegdheid, funksie of plig wat ingevolge hierdie Wet aan die Raad toegewys of opgedra of opgelê is, skriftelik delegeer aan enige direkteur van die Raad, of aan die hoof uitvoerende beampte, wat daardie bevoegdheid, funksie of plig weer verder kan delegeer.

20                           (2) Die delegering van ’n bevoegdheid, funksie of plig kragtens subartikel (1) belet nie die uitoefening van daardie bevoegdheid, die vervulling van daardie funksie of die uitvoering van daardie plig deur die Raad nie.

25                           (3) Die Raad kan te eniger tyd enige delegasie kragtens subartikel (1) wysig of terugtrek, en kan sy bevoegdhede, funksies of pligte delegeer behoudens enige beperkings, voorskrifte of voorwaardes waarop die Raad besluit.

30                           (4) Die Raad kan enige besluit wat ingevolge ’n delegasie beoog in subartikel (1) geneem is, in hersiening neem en wysig, behoudens enige toegevalle regte en met behoorlike inagneming van die bepalings van die Wet oor die bevordering van administratiewe beregting van 2000.”.

**Vervanging van artikel 17 van Wet 3 van 1996**

20. Artikel 17 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

**“Toelaes van lede van Raad**

35                           **17.** ’n Direkteur van die Raad moet aangestel word op dié bedinge en voorwaardes, en kan dié toelaes betaal word, en uit die fondse van die Agentskap kan dié uitgawes aan hom terugbetaal word, wat die Minister, met die instemming van die Minister verantwoordelik vir Finansies, bepaal.”.

40

**Wysiging van artikel 18 van Wet 3 van 1996**

21. Artikel 18 van die Hoofwet word gewysig, soos volg:

**“Regulasies**

45                           **18.** Die [verantwoordelike Lid] Minister kan [op versoek van die Raad, of in oorleg met die Raad, of die Interimraad soos voorsien in artikel 20(1), of uit eie beweging], na oorleg met die Raad of Interimraad, regulasies maak rakende enige aangeleentheid wat hy of sy nodig ag vir die fasilitering [van die vestiging]van die Agentskap of om die doelstell-

ings van hierdie Wet te verwesenlik, behalwe finansiële regulasies wat slegs met die instemming van die [**Lid van die Uitvoerende Raad**] Minister belas met Finansies gemaak mag word.”.

#### Wysiging van artikel 19 van Wet 3 van 1996

5 **22.** Artikel 19 van die Hoofwet word gewysig, soos volg:

##### “Vrywaring

10 **19.** Behoudens die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 is [**Geen**] geen direkteur, bestuurder, sekretaris, ander beampte, werknemer of konsultant van die Agentskap [, **insluitende die ouditeur van die Agentskap, is**] aanspreeklik op grond van enige daad of versuim ten opsigte van pligte te goeder trou in enige van genoemde hoedanighede vervul nie.”.

#### Vervanging van artikel 20 van Wet 3 van 1996

**23.** Artikel 20 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

15 “**Interimmaatreëls**

20 **20.** (1) Ongeag die bepalings van artikel 3, word die Raad van Direkteure, aangestel voor die datum waarop die Wysigingswet op die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2004 (“die Wysigingswet”) verorden word, beskou as die behoorlik aangestelde direkteure van die Raad vir die eerste nege maande nadat die Wysigingswet in werking tree, of anders totdat die Raad ingevolge subartikel (3) binne hierdie tydperk van nege maande ontbind.

25 (2) Die Interimraad van Direkteure moet binne 30 dae na die verordening van die Wysigingswet ’n besluit goedkeur waardeur die grondwet van die Agentskap herroep word.

(3) Die Interimraad moet ontbind op die datum waarop die direkteure, ingevolge artikel 3 aangestel, hul amp aanvaar.”.

#### Invoeging van artikel 21A in Wet 3 van 1996

**24.** Die volgende artikel word na artikel 21 in die Hoofwet ingevoeg:

30 “**Koördinasie van instellings**

35 **21A.** (1) Die Agentskap moet saamwerk met en deelneem aan enige Provinsiale instellings vir die bevordering van toerisme en ander verwante sektore met die oog op die bevordering van onderlinge samewerking van instellings met betrekking tot—

- (a) gesamentlik strategiese beplanning;  
 (b) samewerkende begroting;  
 (c) gedeelde bevorderings- en bemarkingsaktiwiteit; en  
 (d) gesamentlike monitering en evaluëring,

40 wat sal verseker dat hul strategieë en werksaamhede ooreenstem.”.

#### Kort titel en inwerkingtreding

**25.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2004, en tree in werking op ’n datum wat deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal moet word.

## VERKLARENDE MEMORANDUM

### WET OP DIE WET OP DIE WES-KAAPSE INVESTERINGS- EN HANDELSBEVORDERINGSAGENTSAP

#### Inleiding

Die doel van die Wysigingswetsontwerp op die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap is om die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingswet van 1996 (Wet 3 van 1996), wat bekend staan as die Wesgro Wet, te wysig, om voorsiening te maak vir die wysiging van die prosedure vir die aanstelling van direkteure, vir die wysiging van die bevoegdhede en pligte van direkteure, vir die befondsing van die Agentskap, vir die herroeping van die grondwet van die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsagentskap, vir nakoming van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) (Wet 1 van 1999), en vir die algemene stroomlyning van funksies om die bemaking en bevordering van handels- en investeringsgeleenthede in die Wes-Kaap te fasiliteer.

Die Wetsontwerp bevorder die beginsels van samewerkende bestuur en verleen erkenning aan die belangrike rol wat deur die Stad Kaapstad vervul word as die ekonomiese middelpunt van die Provinsie. Die Wetsontwerp toon die huidige befondingsvennootskap tussen die Provinsie, die Stad Kaapstad, ander munisipaliteite en die private sektor aan. Dit maak voorsiening daarvoor dat alle plaaslikeregeringstrukture kan bydra as hulle wil. Ondernemings wat investering en die handel wil bevorder of voordeel daaruit wil trek, kan lede word en ledegeld betaal. In ooreenstemming met die Raamwerkooreenkoms wat op die Provinsiale Groei- en Ontwikkelingsberaad van 2003 onderteken is, word Wesgro 'n strategiegedrewe openbare entiteit eerder as 'n agentskap vir belanghebbendes. Die Wetsontwerp erken die noodsaaklikheid vir samewerking tussen die regering en die private sektor om investering en die handel tot hul gesamentlike voordeel te bevorder.

Die Wetsontwerp toon die Wes-Kaapse Provinsiale Regering se verbintenis tot die omgewingsvolhoubare en maatskaplik verantwoordelike ekonomiese ontwikkeling van die Provinsie tot voordeel van al die mense. Dit bou voort op die benadering wat onderliggend was aan die instelling van die Bestemmingsbemarkingsorganisasie. Ook verbind dit Wesgro tot die maksimalisering van geleenthede vir die bevordering van investering en die uitvoer wat geskep word deur blootstelling deur toerisme, verwante belangrike gebeurtenisse en die rolprent-, die kunsvlyt- en die wynbedryf.

Die Wetsontwerp verleen erkenning aan die Provinsie se grondwetlike verantwoordelikheid vir "nywerheidsbevordering" en "die handel" (Bylae 4A van die Nasionale Grondwet) en munisipaliteite se wetgewende en uitvoerende gesag met betrekking tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

#### Kommentaar op afsonderlike klousules

##### Klousule Een

Hierdie klousule wysig die bestaande aanhef van die Wet.

##### Klousule Twee

Hierdie klousule maak voorsiening vir die verklaring en omskrywing van terme wat in die Wetsontwerp gebruik word en bring omskrywings in ooreenstemming met grondwetlike en wetgewende veranderings sedert 1996. Dit omskryf lede van Wesgro as entrepreneurs wat 'n bydrae tot die bevordering van investering en die handel in die Provinsie kan lewer.

##### Klousule Drie

Hierdie klousule maak voorsiening vir sekere nuwe terminologie wat sedert 1996 in wetgewing gebruik word.

##### Klousule Vier

Hierdie klousule maak voorsiening vir die opdatering van kwessies wat verband hou

met die instelling van die Agentskap as 'n provinsiale openbare entiteit onder beheer van 'n Raad.

#### **Klousule Vyf**

Hierdie klousule handel oor die vennootskap tussen die openbare en private sektor en die transformasie van Wesgro as agentskap vir belanghebbendes tot 'n strategiegedrewe openbare entiteit. Hierdie skuif blyk uit die voorgestelde aanstellingsproses, verteenwoordiging in die Raad en kriteria vir die aanstelling van lede van die Raad. Die Minister, in oorleg met die Uitvoerende Burgemeester van die Stad en na oorleg met hoofbydraers, moet tien direkteure aanstel wat beskik oor kennis van die handel en van investering, ondervinding het in die bevordering van die handel en van investering, of bydra tot die geïntegreerde en gekoördineerde bemaking van die Provinsie se sakebeeld, en wat permanent in die Provinsie woon. Die Wesgro lede moet twee lede regstreeks as direkteure verkies. Drie nie-stemgeregtigde, ex officio-direkteure (die HUB en 'n senior beampte van elk van die Provinsie en die Stad) sal aansluit by die demografies verteenwoordigende Raad bestaande uit 15 lede. Die aanstellingsproses lê klem op die belangrike rol wat die Stad Kaapstad, plaaslike regering, die Provinsie en die publiek sal vervul.

#### **Klousule Ses**

Hierdie klousule voeg nuwe artikels 3A en 3B in oor die ampstermyn van die direkteure, wat hoogstens twee jaar mag wees, en die vulling van vakatures en prosessuele aangeleenthede soos vergaderings, besluite en gronde vir die beëindiging van lidmaatskap van die Raad.

#### **Klousule Sewe**

Hierdie klousule stroomlyn die doelwitte van die Agentskap, met die fokus op die bevordering van investering in en handel met die Wes-Kaap.

#### **Klousule Agt**

Hierdie klousule wysig die bevoegdheids van die agentskap om dit met die PFMA te laat ooreenstem.

#### **Klousule Nege**

Hierdie klousule magtig die Raad om lede te hê en 'n register van lede by te hou, ledegeld te hef en minstens een vergadering 'n jaar te belê.

#### **Klousule Tien**

Hierdie klousule reguleer die vergaderings en besluite van die Raad, die vulling van vakatures, en bepalinge vir goeie bestuur. Die Raad moet 'n voorsitter en ondervoorsitter aanstel na oorleg met die Minister.

#### **Klousule Elf**

Hierdie klousule maak voorsiening vir die aanstelling en samestelling van komitees. Die voorgestelde komitees dek audit, menslikehulpbronbestuur, begroting en finansies, handelsbevordering en investeringsbevordering. 'n Maksimum van drie direkteure mag sitting hê in die eerste drie komitees, terwyl voorsiening gemaak word vir direkteure wat kundige lede is om insette te maak oor strategieë en sakeplanne van die Agentskap wat betrekking het op handels- en investeringsbevordering. Die komitees sorg dat die doelwitte van die Agentskap ten uitvoer gebring word.

#### **Klousule Twaalf**

Hierdie klousule handel oor 'n tegniese wysiging met betrekking tot direkteure se belange: die skraping van die frase "(behalwe die Provinsie)" waar dit ook al voorkom.

**Klousule Dertien**

Hierdie klousule maak voorsiening vir die aanstelling van die Hoof Uitvoerende Beampte, in oorleg met die Minister, ingevolge 'n vastetermyn-, prestasiegebonde kontrak. Dit lê klem op die proses wat gevolg moet word en die bedinge en voorwaardes vir aanstelling en verleen bevoegdhede aan die Raad om iemand in die plek van die HUB aan te stel wanneer dié nie in staat is om sy of haar funksies te verrig nie. Dit stel voor dat die Hoof Uitvoerende Beampte vir hoogstens twee termyne van vyf jaar elk heraangestel kan word.

**Klousule Veertien**

Hierdie klousule maak voorsiening vir die bevoegdhede en funksies van die HUB, onder meer om toe te sien dat die Agentskap sy funksies verrig, verantwoording doen aan die Raad, en steun in die vorm van 'n sekretariaat aan die Raad verleen, met gereelde verslagdoening en die verantwoordelikheid om kontraktuele ooreenkomste na te kom.

**Klousule Vyftien**

Befondsing en finansiële kontrole van die Agentskap word deur hierdie klousule gedek. Die befondsingsbronne is geld wat deur die Provinsiale Parlement bewillig word, geld wat deur die raad van 'n munisipaliteit bewillig kan word, geldskenkings, ledegeld, en inkomste afkomstig uit gelewerde dienste wat investering en die handel bevorder.

Die klousule handel ook oor die kwessies van finansiële kontrole soos gereuleer deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van 1999 en regulasies en voorskrifte ingevolge dié Wet uitgereik, en die aanstelling van ouditeure.

**Klousule Sestien**

Hierdie klousule herroep verouderde bepalings oor rekeningkundige rekords en finansiële state. Die PFMA maak voorsiening vir hierdie aangeleenthede.

**Klousule Sewentien**

Hierdie klousule herroep verouderde bepalings betreffende direkteursverslae.

**Klousule Agttien**

Hierdie klousule bring die reëlins ten opsigte van Interne Oudit in ooreenstemming met die PFMA.

**Klousule Negentien**

Hierdie klousule maak voorsiening vir die delegering van bevoegdhede, funksies en pligte van die Raad. Dit maak voorsiening daarvoor dat die Raad bevoegdhede kan delegeer of dat enige delegasie te eniger tyd teruggetrek kan word.

**Klousule Twintig**

Hierdie klousule maak voorsiening vir toelaes vir en terugbetalings aan direkteure, soos gesamentlik deur die Ministers verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling en vir finansies bepaal.

**Klousule Een-en-twintig**

Hierdie klousule wysig die bepaling oor die maak van regulasies.

**Klousule Twee-en-twintig**

Hierdie klousule bring die vrywaringsbepalings in ooreenstemming met die PFMA.

**Klousule Drie-en-twintig**

Hierdie klousule maak voorsiening daarvoor dat die huidige Wesgro Raad vir tot nege maande na die goedkeuring van die Wysigingswet kan voortgaan om te dien en dat dit ontbind moet word wanneer die nuwe Raad aangestel is.

**Klousule Vier-en-twintig**

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n nuwe artikel 21A met betrekking tot ooreenstemming tussen bemarkingsagentskappe wat deur die regering befonds word ten einde samewerking tussen instellings te verseker. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid vir gesamentlike strategiese beplanning deur hierdie instellings, samewerkende begroting, gedeelde bevordering en bemarking en gesamentlike monitering en evaluering. Dit maak voorsiening daarvoor dat provinsiale openbare entiteite hul strategieë in ooreenstemming bring met dié van ander liggame wat betrokke is by die bemarking van die Provinsie, en dat openbaar-privaatsektor-samewerking, -deelname, -besluitneming en -befondsing gefasiliteer word om bemarkingsaktiwiteite in alle sektore, insluitende toerisme, te laat ooreenstem.

**Klousule Vyf-en-twintig**

Die laaste klousule maak voorsiening vir die kort titel en vir die inwerkingtreding van die Wysigingswet op 'n datum wat deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal moet word.